

EKOLOGIE SONDAG 2016

TEMA: OM BOTTER TE EET... OF NIE?

- **VOTUM** (*Psalm 8 deur 'n voëlkyker se oë – Fay van Eeden*)

Here, ons Here,

Hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde,

Hoe glansryk alles wat U in die hemelruim geplaas het!

Kinders en suigelingse besing die magtige werk

Wat U tot stand gebring het.

So word u teëstanders, die vyande en wraakgieriges tot swye gebring.

As ek 'n **konkoit** aanskou, die werk van u vingers,

die **Nimmersat** en die **Oranjekeelkalkoentjie**

waaraan U 'n plek gegee het, wat is die mens dan

dat U aan hom dink,

die mensekind dat U na hom omsien?

U het hom net 'n bietjie minder as 'n hemelse wese gemaak

En hom met aansien en eer gekroon,

U laat hom heers oor die werk van u hande,

U het alles aan hom onderwerp:

Selfs die **sekretarisvoël** in die veld,

Die **blouvalk** in die lug,

En die **Albatros**, wat die oseane deurkruis.

Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde.

- **SEëNGROET**

Genade en vrede vir jou van die Skepper van die heelal – Vader, Seun en Gees. Amen.

- **LOFLIED**: LB 464:1-2 (O Heer my God)

- **DANKOFFERS**

(Terwyl die dankoffers opgeneem word nooi die gemeente om 'n berekening te maak van hoeveel jy/jou gesin in 'n week aan kos en drinkgoed spandeer. Plaas vooraf papiere & potlode in die banke).

- **GEBED**

- **SKRIFLESING:** Levitikus 19:9-10 en Deuteronomium 20:19-20

- **BOODSKAP**

Die Time tydskrif het in 2014 'n baie interessante artikel oor vet gepubliseer – 'The truth about fat.' Volgens hierdie artikel het die Amerikaanse medici van die 1970's en 1980's dit verkeerd gehad toe hulle lae-vet dieëte voorgestel het. Van die nuutste navorsing is van mening dat ons vet nodig het – dat dit eintlik vir ons goed is. Oral waar ek kom praat mense van Tim Noakes se 'low carb, high fat' dieët. Die vraag op baie mense se lippe is moet ek meer of minder vet eet? Mag ek botter eet? Watter kos moet ek eet? Watter kos moet ek vermy?

Miskien moet ons as gelowiges ook ander vrae vra. Wanneer ons oor kos dink moet ons miskien die '**wat**'-vrae – Wat moet ek eet? Wat moet ek uit my dieët sny? met '**hoe**' vrae vervang – Hoe dink ek oor kos? Hoe hanteer ek kos? Hoe-veel is genoeg?

Ek vermoed die twee tekste (*Levitikus 19:9-10 en Deuteronomium 20:19-20*) wat ons saamgelees het help ons met Hoe-vrae.

In Levitikus 19 vra God vir Sy volk om op 'n sekere wyse te lewe. Om in hulle alledaagse lewe so te leef dat die volke rondom hulle sou weet dat hulle aan 'n Heilige God behoort. Uit hulle lewensstyl moes dit vir almal duidelik wees dat hulle God se volk is. Hulle lewens moes 'n getuienis wees oor die God met wie hulle in verhouding leef. Een van die wyses waarop hulle dit moes doen het

oor kos gegaan. Oor HOE hulle hulle lande en wingerde afgeoes het. God vra van Sy volk om nie te 'perfeksionisties' te oes nie. Met ander woorde om nie tot op die rand van die die land te oes nie en nie elke druif of olyf te pluk nie. Hulle moes die are of druiwe wat tydens die oes val nie op tel nie. Isreal moes dit net daar los vir die armes en die vreemdelinge onder hulle.

Levitikus 19 gee nie spesifieke afmetings tot waar goes moes word, of die persentasie druiwe wat op die wingerd gelos moet word nie. Die gedagte hier was nie om presiese reëls of nog 'n tiende-stelsel te implementeer nie, maar om God se sorg en genade vir die armes en vreemdelinge sigbaar te maak. Om God se voorsienigheid te deel met mense wat nie hulle eie grond besit het nie, en daarom nie hulle eie kos kon verbou nie. Levitikus 19 wil die volk, en vir ons, herinner dat alles wat ons het, ook die kos wat ons eet, 'n gawe uit God se hand is. 'n Gawe wat gedeel moet word. Die volk moes leer dat dit nie nodig is om alles waarop jy jou hande kan sit vir jouself te hou nie of te gebruik nie. Maar om eerder net GENOEG te neem.

Deuteronomium 20 is 'n interessante gedeelte waarin reëlins vir oorlog gegee word. Deuteronomium 20 gee vir die volk al die moets en moenies tov oorlog maak en die beleg van 'n stad. Baie jare terug het ek 'n verhaal met die naam 'Oorlog is oorlog' is. Die onderliggende boodskap van hierdie verhaal was dat die onmenslike, skrikwekkende goed wat tydens oorloë gepleeg word aanvaarbaar is tydens tye van oorlog, omdat oorlog daarvoor vra. Volgens hierdie skrywer mag onskuldige mens in oorlogtyd doodgemaak word, want oorlog is oorlog.

Maar as ek Deuteronomium 20 lees was dit nie waar van Israel nie. Israel het reëls gehad waarvolgens hulle oorlog moes maak. In Deut 20 is daar selfs reëls oor wat met die bome in die omgewing van 'n beleërde stad gedoen mag

word. Dit was onder die volke van die antieke wêreld, soos byvoorbeeld die Egiptenare, die praktyk om tydens oorlogvoering hulle vyand se hele land te verwoes, deur onder andere al die bome af te kap. **Maar Israel mag dit nie doen nie.** Deut 20 sê AS hulle bome moes afkap moes dit met oorleg gebeur het, en dan NET as hulle dit nodig gehad het om beleringswerke en oorlogswapens te bou.

Deuteronium 20 is baie duidelik daaroor dat Israel nie vrugtebome mag afgekap het nie. Hoekom? Die eerste en belangrikste rede – dit het oor kos gegaan...hulle moes die vrugte wat daardie bome gedra het eet. Die tweede rede daarvoor is baie mooi – Israel mag nie hulle vyande se bome afgekap het nie, want die bome was nie hulle vyande nie. Bome was kosbaar - 'n gawe uit God se hand. Bome was die manier waarop God vir Sy mense, maar ook ander nasies, gesorg het.

Lev 19 en Deut 20 gee ons beginsels oor kos en hoe ons as gelowiges oor kos moet dink. Hoe ons met kos moet omgaan.

Die eerste beginsel is KOS IS GAWE VAN GOD

Ek wonder baie male hoe baie ons die kos wat ons eet as vanselfsprekend aanvaar. Lev 19 en Deut 20 wil ons herinner dat kos 'n gawe van God is.

Tweedens daag Lev 19 en Deut 20 ons uit om weer te dink oor HOE-VEEL IS GENOEG..

Dink gou vir 'n oomblik aan die som wat jy net nou gemaak het. Navorsers het so tien jaar terug vir 'n paar gesinne dieselfde vraag gevra: “Hoeveel spandeer julle per week aan kos en drinkgoed?” Ek gaan nou hulle antwoorde vir julle wys...hou in gedagte dat dit 10jaar terug was. Kyk ook na die grootte van elke

gesin, die kombuis / eetkamer. Wat dit is wat hulle eet? En natuurlik wat hulle spandeer...

WYS SKYFIES VAN GESINNE

Vertel gou vir die persoon lanks jou wat jou die meeste opgeval het

Natuurlik word die koste van dit wat ons eet en drink nie net in geldwaarde gemeet nie. Kos, energie en water kan eintlik nie van mekaar losgemaak word nie. Het jy geweet dat dit

- 140 liter water neem om een koppie koffie te produseer?
- 2400 liter water om 'n 100gr sjokolade te produseer en
- 1500 liter water om 1kg suiker te maak.

Die energie wat verlore gaan in die kos wat Suid-Afrikaners in EEN jaar mors is genoeg om Johannesburg van energie te verskaf vir 20 jaar lank. Die water wat verlore gaan in 'n jaar se kos wat gemors word is genoeg om 600 000 olimpiese swembaddens vol te maak.

Dit beteken elke keer wat ek kos laat sleg word in my yskas - mors ek nie net kos nie, maar ook water en krag.

Die vraag is wat is genoeg...wanneer is ons besig om teveel te gebruik en teveel te mors. Vir elkeen van ons sal die antwoord anders wees.

Ons teksgedeeltes herinner **derdens daaraan dat**

KOS 'N BEMERKTE MIDDEL IS, EN DAT ONS OP SO 'N MANIER DAARMEE

MOET OMGAAN DAT DAAR GENOEG IS VIR ALMAL. Ons moet, soos ou Israel, ook met die oorfloed waarmee God ons seën vir die armes en vreemdelinge

onder ons sorg. Ons word geroep om met dit wat ons het, ook ons kos, God se sorg, genade en liefde aan hulle te kommunikeer.

Ek dink Ghandi antwoord die HOE-VRAE OOR KOS so mooi wanneer hy sê:

“Live simply, that others may simply live”

Elke maal as jy iets lekkers eet, of dit botter in het of nie, mag jy dit geniet, mag jy daaraan smul – want dit is ‘n gawe van God. Maar mag dit jou ook herinner dat kos kosbaar en skaars is, en iets is wat gedeel moet word. Amen.

- **GEBED**
- **GELOOFSBELYDENIS: Ons bely ons geloof deur biddend te luister na**
‘Wat is ‘n mens dan...?’ - Barend Vos se weergawe van Psalm 8 (Uit: Die ewigheid in my hart)

Here, ons Here,

U Naam klink helder oor die aarde heen,

u roem skitter aan die hemel.

U mag strek verby my verste denke oor U.

Selfs die kleinste ou kindertjies weet dit wanneer

hulle sing: ‘My God is so groot, so sterk en so magtig,

daar’s niks wat my God nie kan doen!’

Hul stemmetjies doof die slimstories uit;

die kordate kenners bly stil as kleintjies sing.

En kyk ek op, na die sterre, ken ek eensklaps my plek.

Want as ek my die ruimte anderkant my blote oog verbeel,

slaan dit my heeltetal stom. Dan weet ek nie hoe U my,

stofkolletjie, raaksien nie; nog meer: dat U aan my dink nie.

Tog weet ek dat u grootheid bevestig word

juis deur u aandag aan besonderhede,
u diepe nadenke oor klein dingetjies
en piepklein mensies.

Op 'n manier – en ek weet regtig nie hoekom nie –
het U die mens verhef. Het U aan ons 'n waarde
gegee wat ons waaragtig nie verdien nie:

U het ons dan ampergode gemaak!

'n Soort baas oor u handewerk.

U het ons gekroon met aansien wat ons verleë maak,
omdat ons weet dat ons dit nie werd is nie.

Ag, Here, ek verstaan hiervan niks,
ek sê maar net dankie vir die diere, die voëls, die visse –
almal u skepsels, wat my lewe so oneindig verrryk.

Leer my elke dag om mooi te kyk
na wat U aan my toevertrou het –
U wat so mooi na my kyk.

Here, ons Heer,
klokhelder klink u Naam oor u skepping heen!

- **SLOTIED:** LB 456:1-3 (Loof, heel die skepping)
- **SEËN**